



DIE WEG CHRISTELIKE GEMEENTE, NELSPRUIT

NUWEJAAR 2016

Prediker: Pastoor Johan Putter

Datum: 31 Desember 2015

Plek: Nelspruit

NUWEJAAR 2016

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING	3
TEMA EEN: WIE IS YAHWEH?	4
TEMA TWEE:.....	6
TEMA DRIE:	6
SAMEVATTING	7
AFSLUITING.....	Error! Bookmark not defined.

NUWEJAAR 2016

INLEIDING

Ons staan aan die einde van die jaar 2015. Die meeste van ons wonder by onself:

- Wat gaan die jaar 2016 vir my en my geliefdes inhou?
- Wat gaan in die wêreld gebeur? Gaan die VSA dollar in duie stort? Gaan die 3de wêreld oorlog in die midde-ooste begin?
- Gaan ons in Suid Afrika die verdere effek van aardverwarming ervaar? Vloede en verwoesting van infrastruktuur? Hongersnood?
- Gaan Jesus in 2016 kom?

Ek kan nie bostaande vrae vir u beantwoord nie, want ek weet nie.

Daarom gaan ek vanaand se preek eerder skoei op hoe die Israeliete in die Ou Testament, nuwe jaar (Rosh Hashana) gevier het.

Die Israeliete wanneer hulle nuwe jaar vier, kyk nie na die toekoms nie. Hulle kom bymekaar soos ons vanaand doen en kyk na God. Hulle gaan in aanbidding.

Die doel van die aanbidding is om:

- Hulle besin oor wie God is.
- Hulle besin oor God se verwagtinge van hulle.
- Hulle evalueer die vorige jaar se gebeure met die doel om te kyk of hulle aan God se verwagtinge voldoen het. Die vraag wat hulle hulself afvra kom op die volgende neer: Watter potensiaal het God in my geplaas? Het ek daarvolgens geleef?
- Hulle doen belydenis van hulle sondes en tekortkominge.
- Hulle bevestig opnuut dat God die Koning van hulle lewens is.

Dit wat ek nou net genoem het, word tydens die aanbiddingsbyeenkoms as drie temas hanteer.

Elke tema word met spesifieke blaas van die ramshoring vooraf gegaan.

Die eerste tema word met die **Tekiah** ingelui. Dit is een lang blaas van die ramshoring.

Dit simboliseer proklamasie. God is die enigste ware God. Hy is waardig om ons Koning te wees.

Die tweede tema word met die **Shevarim** ingelui. Dit behels drie blase van die ramshoring.

Dit simboliseer 'n diep uitroep uit ons harte, na God. Dis 'n uitroep om op dieper vlak met God te konnekteer, om in jou potensiaal wat God jou gegee het, te groei en dit te doen waarvoor God jou geroep het.

Die derde tema word met die **Teruah** ingelui. Dit is nege kort blase. Dit simboliseer alarm wat ons uit ons geestelike slaap moet wakker skud. Dit is 'n oproep dat ons God met toewyding en opregtheid moet dien.

Ons gaan nou elke tema soos volg hanteer:

Ek gaan 'n kort inleiding oor elke tema gee en dan gaan die ramshoring blaas. U gaan dan gebedstyd hê om oor die tema te besin. Ons gaan die tema met 'n lied afsluit en dan begin ons met die volgende tema. Ons gaan vanaand se verrigtinge met Nagmaal afsluit.

Kan ons begin?

TEMA EEN: WIE IS GOD?

God is nie die produk van menslike intelligensie om sekere menslike behoeftes te bevredig nie. Ons kan God nie in 'n wetenskaplike projek bestudeer nie. God kan nie met ons sintuie waargeneem word, tensy Hy dit toelaat nie.

Die enigste wyse om iets van God te wete te kom, is wanneer Hy in Sy genade, Hom aan ons openbaar.

Ons lees in Eksodus 3:13-15 van 'n geval waar God Homself aan 'n mens geopenbaar het. Dit was waar God vir Moses die opdrag gegee het om die kinders van Israel uit Egipte te bevry. Moses vra toe vir God, Wat moet ek vir die Israeliete sê as hulle my vra, Wat is God se naam?

God sê toe vir Moses dat hy moet sê, "Ek is" oftewel The self Existing one, het vir Moses gestuur.

Dit is uit hierdie antwoord waar ons God se naam Yaweh kry. God se naam word op skrif deur die volgende letters verteenwoordig. YHWH. Dit is konsonante. Ons weet nie wat die vokale is nie. Die Rabbi's het uit vrees dat God se naam misbruik mag word, 'n ander naam gebruik as hulle na God verwys. Dit is Adonai. Uit die naam YHWH kan ons aflei dat God nie suurstof en voeding nodig het om te bestaan nie. Hy leef buite ons tyd en ruimte, wat deel van Sy skepping is.

Ons kan egter uit die Bybel bepaal wat sekere van God se karakter eienskappe is. Hierdeur kan ons 'n idee kry wie God is.

- **EI** wat beteken; Die sterk een, die hoogste God, die heerser van die heelal, die eienaar of besitter van hemel en aarde.
- **Allah**; Die een wat aanbid moet word.
- **Adonai** wat God as die Meester of Heerser beskryf. (In Afrikaans praat ons van die Here.)
- **Elohim Sabaoth** "Die almagtige van die hemelse weermag"
- **EI Roi** wat beteken The one who sees me.
- **EI Shadday** wat beteken The all-powerful one.
- **EI Olam** wat beteken The eternal one.
- **Jehovah Rophi**- The Lord who heals me.
- **Jehovah Jireth**- The Lord who provides
- **Jehovah Shalom**- The Lord is peace
- **Jehovah Rohi**- The Lord my shepherd
- **EI Hannun**- The merciful one

Dit is wat die Ou Testament betref. God het homself sedert die tyd van die Ou Testament, verder aan die mens geopenbaar.

In die Nuwe Testament het God in Sy genade, Hom aan ons kom openbaar as Jesus die Gesalfde. Die Een wat die mens van sonde kom bevry het. Die Een wat die werke van die bose kom vernietig het. Die Een wat die dood kom oorwin het. Die Een wat versoening tussen mens en God kom bewerkstellig het. Die Een wat Nuwe Verbond tussen God en die mens in plek kom sit het. Die Een wat die pad vir nuwe geestelike bedeling kom open het. Die bedeling van die Heilige Gees oftewel die Kerk era.

In die Nuwe Testament is God die Heilige Gees aan ons geopenbaar. U en ek, kan nou met die Heilige Gees gedoop word. Ons kan vir dienswerk deur die Heilige Gees bekragtig word. Die Heilige Gees oortuig ons van sonde. Die Heilige Gees leer en lei ons.

Die doel van alles is dat u en ek, God werklik en diep kan leer ken. Ons kan meer as net kognitiewe bewustheid van Hom hê. Ons kan in werklike verhouding met Hom staan en na Sy beeld en karakter getransformeer word.

Kom ons raak stil en besin oor God. (Blaas die ramshoring.)

Speel twee liedere na gebedstyd.

"How Great is our God" en U is God.

TEMA TWEE:

In die tweede tema, neem ons die vrymoedigheid om God in die Heiligdom te ontmoet.

Jy praat met Hom. Openbaar jou diepste wese aan Hom. Vertel Hom dat jy in 2016 in dieper verhouding met Hom wil kom. Jy wil Sy stem hoor as Hy met jou wil kommunikeer. Jy is afhanklik van Hom. Jy begeer Sy leiding. Jy begeer Sy versorging en Sy beskerming. Jy onderwerp jou aan Sy gesag. Vertel vir God dat jy bevestig dat Hy asb. die Koning in jou lewe moet wees in die jaar 2016.

Die ramshoring gaan nou blaas.

Speel die lied: Jesus Jesus

TEMA DRIE:

Die derde tema kom neer op introspeksie. Hoe het u en ek jy die afgelope jaar geleef?

Het jy volgens die geestelike, intellektuele en emosionele potensiaal wat God in jou geplaas het, geleef? Het jy jou potensiaal ten volle tot God se eer gebruik? Het jy dalk in jou geestelike lewe gestagneer of het jy talle nuwe dinge geleer? Het jy die karakter van Jesus Christus uitgebeeld aan ander mense? Het jy jou medemens so lief gehad soos jouself? Hoe vorder jy met die proses om jou gedagtes te vernuwe om jou denkpatrone in lyn met die Bybel te bring?

U en ek is kinders en erfgename van God. Ons is Koningskinders! Hierdie term Koningskinders het baie groot praktiese implikasie vir u en my.

Ek wil graag een implikasie aan u uitlig. In die Joodse tradisie van hulle konings, het die koning een groot hoofsaak. Dit is om omgewing te skep waar sy mense in vrede en in harmonie met mekaar leef. Sy mense moet gelukkig wees. Sy mense moet weet dat hy vir hulle omgee. Dit is liefde.

Het u as Koningskind, die afgelope jaar daarin geslaag vrede en harmonie te bring, waar u gegaan het? Het mense God se liefde deur jou ervaar?

Die koning is in opsig die gewer van lewe. Hoe het mense gevoel nadat hulle in u teenwoordigheid was? Het hulle emosioneel getap gevoel want hulle moes na jou klagtes en kritiek luister? Of het hulle opgebou gevoel want hulle het jou lewensvreugde en passie vir die lewe ervaar? Het u lewe gegee?

Die ramshoring gaan nou blaas. Gebruik asb. die tyd om te besin wat ons nou bespreek het. Bely wat jy moet bely. Bevestig dat jy God wil dien. Vra Sy hulp.

Speel die lied I surrender.

SAMEVATTING

Ons wat vandag leef, het voordeel bo die gelowiges van die Ou Testament.

God het homself verlaag en as die mens Jesus Christus op aarde verskyn. Hy het die profesie van die Ou Testament dat die Gesalfde eendag sou kom, bewaarheid. Hy het die grondslag vir die Nuwe Verbond tussen God en die mens, gelê.

Die teken van die Nuwe Verbond waarbinne u en ek leef, is die Nagmaal.

Ons kan nie vandag se diens afsluit deur nie aan Jesus die Seun van God, die eer te gee vir wat Hy gedoen het nie. Daarom gaan ons nou Nagmaal bedien.

AMEN